# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
# *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**FEBRUARY / FEBRUARIE**
***MARCH / MAART***

**2005**

## SPEECH AND DRAMA
## *SPRAAK EN DRAMA*

HG **611-1/0**

SPEECH AND DRAMA HG

611 1 0 HG

X05

**5 pages**
***5 bladsye***

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**SPRAAK EN DRAMA HG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord DRIE vrae uit Afdeling A.
  - Elke antwoord moet na 'n ander voorgeskrewe teks verwys.
  - Antwoorde is gelyk in waarde: 50 punte elk.
- Beantwoord TWEE vrae uit Afdeling B. Vraag 6 bevat 'n keuse.
- Vraag 7 in Afdeling C is VERPLIGTEND maar bevat 'n keuse. Beantwoord TWEE onderafdelings en verwys na die voorgeskrewe werk wat jy bestudeer het.

---

## AFDELING A
## TEKSTE EN TEATERGESKIEDENIS

Hierdie afdeling is op die volgende gebaseer:

- 'n Absurde teks
- 'n Brechtiaanse teks
- 'n Suid-Afrikaanse teks
- 'n Eie keuse teks

Beantwoord DRIE vrae in hierdie afdeling.
Elke antwoord moet na 'n ander voorgeskrewe teks verwys.
Die antwoorde is gelyk in waarde: 50 punte elk. (3 x 50= 150)

**GAUTENG DEPARTMENT OF EDUCATION**
**SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION**

**SPEECH AND DRAMA HG**

**TIME: 3 hours**

**MARKS: 200**

---

**INSTRUCTIONS:**

- This paper consists of THREE sections.
- Answer THREE questions from Section A.
  - Each answer must refer to a different prescribed text.
  - Answers are of equal value: 50 marks each.
- Answer TWO questions in Section B. Question 6 contains a choice.
- Question 7 in Section C is COMPULSORY but contains a choice. Answer TWO subquestions and refer to the prescribed text that you have studied.

---

## SECTION A
### PLAYS AND THEATRE HISTORY

This section is based on the following:

- An Absurd text
- A Brechtian text
- A South African text
- An own choice text

Answer THREE questions in this section.
Please note that each answer must refer to a different text.
Answers in this section are of equal value: 50 marks each. (3 x 50 = 150)

## VRAAG 1
## ABSURDE TEATER

**"Die Absurde is nie 'n teater van handelinge nie. Dit probeer ook nie om 'n logiese beskrywing of verduideliking te gee van 'n filosofiese standpunt nie – dit sou 'n weerspreking wees. Dit verskaf aan sy gehoor 'n "ervaring" van die absurde kondisie. Dit onttroon taal en logika van die belangrikste posisie om by 'n dieper onderliggende werklikheid uit te kom."**

Skryf 'n opstel met nabye verwysing na die Absurde teks wat jy vanjaar bestudeer het om aan te dui dat die dramaturg nie net "taal van die primêre posisie onttroon" nie maar oor die logiese hantering van die ander dramatiese beginsels – struktuur, karakterisering en die aanwending van ruimte – verwring. Gee redes gebaseer op jou begrip van die wêreld waarin die teks geskep is om hierdie onlogiese hantering van die dramatiese beginsels te verduidelik. **[50]**

## VRAAG 2
## BRECHTIAANSE TEATER

**"Die gehoor moet gedurig aan hul teenwoordigheid in 'n teatergebou herinner word, dat die toneelstuk nie 'n soomlose geheel vorm nie, maar opgebou is uit verskillende dele en dat hierdie dele onafhanklik van mekaar die gehoor moet aanmoedig om na te dink oor die gebeure wat in die stuk voorgestel word."**

Skryf 'n opstel met nabye verwysing na die Brechtiaanse teks wat jy vanjaar bestudeer het om te verduidelik hoe die Brechtiaanse akteur die voorstellingsvereistes van die toneelstuk sal hanteer. Gee veral aandag aan die volgende aspekte:

- Hoe en waarom sal die akteur probeer om die gehoor daaraan te herinner dat hulle in 'n teater is?
- Hoe en waarom sal die akteur en die gehoor bewus bly van die feit dat die toneelstuk saamgestel is uit verskillende dele of episodes?
- Hoe en waarom sal die akteur die gehoor aanmoedig om na te dink oor die gebeure wat die toneelstuk uitbeeld?

Bespreek al die bogenoemde aspekte teen die agtergrond van die sosio-politieke tydperk waarin die teks oorspronklik geskep is. **[50]**

## VRAAG 3
## SUID-AFRIKAANSE TEATER

Suid-Afrikaanse toneelstukke handel grootliks oor Suid-Afrikaanse aspekte. Die toneelstukke speel af op Suid-Afrikaanse bodem, gebruik Suid-Afrikaanse karakters, name en Suid-Afrikaanse tale en, belangrikste van alles, spreek tot Suid-Afrikaanse gehore.

Skryf 'n opstel met verwysing na die Suid-Afrikaanse toneelstuk wat jy vanjaar bestudeer het om aan te toon dat al die dramatiese elemente (dramatiese struktuur, karakterisering, dialoog, temas en speelruimte) Suid-Afrikaanse gehore spesifiek aanspreek. **[50]**

## QUESTION 1
## ABSURD THEATRE

**"The Absurd is not a theatre of events. Nor does it attempt logically to describe or explain any philosophical position – this would be a contradiction in terms. It gives its audience an "experience" of the absurd condition. It dethrones the primacy of language and logic to get at a truer reality beneath."**

Write an essay with close reference to the Absurd play that you studied this year to show that the dramatist does not only "dethrone the primacy of language" but also distorts logical treatment of the other dramatic principles: structure, characterisation and treatment of space. Give reasons based on your understanding of the world in which the play was created to explain this illogical treatment of the dramatic principles. **[50]**

## QUESTION 2
## BRECHTIAN THEATRE

**"The audience must be reminded that it is in a theatre, that the play is not a seamless whole but constructed of many parts, and that those parts must be kept independently visible so the audience may reflect upon the way in which the events are represented."**

Write an essay with close reference to the Brechtian text that you studied this year to explain how the Brechtian actor would deal with the representational demands of the play. Pay special attention to the following aspects:

- How and why would the actor remind the audience that they are in a theatre?
- How and why would the actor and the audience be aware of the fact that the play is constructed of many parts or episodes?
- How and why would the actor prompt the audience to reflect on the events portrayed in the play?

Discuss all the above aspects against the socio-political background in which the play was originally created. **[50]**

## QUESTION 3
## SOUTH AFRICAN THEATRE

South African plays deal with essentially South African issues. They use South African settings, South African characters, names and South African languages and, most importantly, the plays appeal to South African audiences.

Referring to the South African play that you studied this year, write an essay to show that all the dramatic elements (dramatic structure, characterisation, dialogue, themes and space) appeal specifically to a South African audience. **[50]**

## VRAAG 4
## EIE KEUSE

**"As die teater 'n spieëlbeeld van ons wêreld gee, behoort dit meer as net 'n lewensgetroue prentjie te wees. Dit moet ook 'n geleentheid bied vir ons om na te dink oor die refleksie ... Dit is die nadenke na die teaterervaring wat belangrik is. Dit is hierdie refleksie wat die gehoor uitdaag, wat nuwe moontlikhede skep en wat grense skuif."**

Skryf 'n opstel oor die eie keuse teks wat jy vanjaar bestudeer het. Gee aandag aan die manier waarop die toneelstuk die gehoor uitdaag en moontlikhede skep om mense tot ander insigte te bring betreffende beide die temas wat die teks aanspreek en die manier waarop die dramaturg die dramatiese beginsels hanteer. **[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [150]**

# AFDELING B
## SPRAAK

Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 5

Terwyl jy jou stukke vir die Praktiese Eksamen voorberei het, was jy bewus van die belangrikheid van **resonansie**.

Gee 'n volledige beskrywing van die manier waarop jy die verskillende resonators sal gebruik om jou resonansie te verbeter en verduidelik, met verwysing na voorbeelde uit een of meer van die stukke wat jy vir die eksamen voorberei het, hoe jou verbeterde resonansie bygedra het tot jou stemkwaliteit, projeksie en karakterisering. **[20]**

## VRAAG 6

Beantwoord Vraag 6.1 of Vraag 6.2.

6.1 **Vokale duidelikheid** dra by tot effektiewe kommunikasie met 'n gehoor. Bespreek die pogings wat jy aangewend het om hierdie aspek van vertolking aan te spreek in jou voorbereiding vir die finale Praktiese Eksamen sodat jy meer effektief met jou gehoor kon kommunikeer. **[10]**

**OF**

6.2 Bespreek die negatiewe uitwerking wat **spanning** het op die stem, liggaam en geestesingesteldheid van die akteur. Gee voorbeelde van die maatreëls wat jy sal tref om spanning te beheer of te verlig. **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## QUESTION 4
## OWN CHOICE

**"If theatre provides a mirror of our world it should be more than a picture. It should also provide opportunity for us to reflect on the reflection ... It is the activity of reflecting after the theatre experience that is important. It is this reflection that has the power to challenge the viewers, open up possibilities and shift paradigms."**

Write an essay on the own choice play that you studied this year. Pay attention to the way in which the play challenges the audience and opens up possibilities to change peoples' minds both in terms of the themes that the play addresses and in the way in which the dramatist uses the dramatic elements. **[50]**

**TOTAL FOR SECTION A: [150]**

## SECTION B
## SPEECH

Answer BOTH questions in this section.

## QUESTION 5

While preparing the pieces that you performed in the Practical Examinations you were aware of the importance of **resonance**.

Give a detailed description of how you used different resonators to achieve the desired resonance and explain, with reference to examples from one or more of the pieces you prepared for the exam, how improved resonance contributed to your vocal quality, projection and characterisation. **[20]**

## QUESTION 6

Answer EITHER Question 6.1 or Question 6.2.

6.1 **Vocal clarity** contributes to effective communication with an audience. Discuss the efforts that you made in your preparation for your performance in the final Practical Examination to address this aspect and ensure that you communicated effectively with your audience. **[10]**

**OR**

6.2 Discuss the negative effects that **tension** can have on the voice, body and mindset of the actor. Give examples of the measures that you could take to control or relieve tension. **[10]**

**TOTAL FOR SECTION B: [30]**

## AFDELING C
## KREATIEWE VERTOLKING

### VRAAG 7
### (VERPLIGTEND)

Jy gaan die regie behartig van een van die toneelstukke wat jy vanjaar bestudeer het. Gee die naam van die gekose stuk en **bespreek** enige TWEE van die volgende produksie-aspekte wat relevant is volgens jou regisseursvertolking van die produksie (wat kreatief, eksperimenteel of konvensioneel mag wees) en die tegnici, ontwerpers, verhoogbestuur of enige ander persone wat jou gaan help. **Motiveer** jou planne vir elke produksie-aspek wat jy kies om te bespreek.

Bespreek enige TWEE van die volgende aspekte:

7.1 Klank en/of byklanke om die regte stemming vir die stuk te skep of ondersteun. (10)

7.2 Die opstelling van die speelruimte versus die plasing van sitplekke vir die gehoor. (10)

7.3 'n Treffende plakkaat wat die tema van die stuk vasvang. (10)

7.4 Beligting, spesiale effekte, projeksies en ander tegniese aspekte. (10)

7.5 Dekorstukke en rekwisiete wat jy sal benodig vir die produksie. (10)

7.6 Ontwerpe vir grimering en haarstyle of maskers, indien nodig. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**

## SECTION C
### CREATIVE INTERPRETATION

### QUESTION 7
### (COMPULSORY)

You are to direct one of the plays that you studied this year. Name the selected play and then **discuss** any TWO of the following production aspects that are relevant to your directorial vision (which might be creative, experimental or conventional) with the technicians, designers, stage management and others who are going to assist you. **Justify** your plans for each production aspect you choose to discuss.

Discuss any TWO of the following aspects:

7.1 Sound and/or sound effects to create or support the mood of the play. (10)

7.2 The spatial configuration of the acting area versus seating arrangements for the audience. (10)

7.3 An effective poster that captures the theme of the play. (10)

7.4 Lighting, special effects, projections and other technical paraphernalia. (10)

7.5 Set pieces and props that will be needed in the production. (10)

7.6 Design for make-up and hairstyles or masks if needed. (10)

**TOTAL FOR SECTION C: [20]**

**TOTAL: 200**

**END**